

# **DIE EKONOMIESE IMPAK VAN ‘n DROOGTE**

**Deur**

**Dr PHILIP THEUNISSEN**  
**COMPUTUS BESTUURSINLIGTING (EDMS) BPK**  
**www.computus.info**

---

Droogtes is ‘n normale reëlmatige verskynsel van ons klimaat. Dit kom bykans ooral voor hoewel die intensiteit daarvan van streek tot streek kan verskil. Wat ookal die definisie van ‘n droogte vir ‘n bepaalde gebied is, is die gevolge gewoonlik dat die reënval onder normaal is en dat die landbou dan nie sy normale produksie kan lewer nie. In ekonomiese terme beteken dit dat die boer ‘n verlies aan inkomste het as gevolg van die laer produksie maar dat daar ook addisionele uitgawes ontstaan om waterbronne aan te vul en om bykomende voer vir vee aan te koop.

Die definisie van ‘n droogte vir Kenhardt gaan uiteraard verskil van een vir Knysna. Die mees algemene definisie is dat ‘n droogte ontstaan wanneer die reënval vir ‘n langdurige periode, gewoonlik langer as een jaar, minder as die normale reënval vir ‘n gebied is. Derhalwe ontstaan daar watertekorte. Wat ookal die definisie, is dit duidelik dat ‘n droogte nie net ‘n fisiese verskynsel is nie maar dat dit ook uiteindelik ‘n ekonomiese impak het.


Volgens definisie beleef Suid-Afrika tans ‘n droogte. Die kalenderjaar van 2003 se reënval was minder as normaal en hierdie tendens is voortgesit in die kalenderjaar van 2004. Die reënvalvooruitsigte vir 2005 lyk ook nie baie goed nie. Die gevolge daarvan vanaf 2003 na 2004 is op die volgende terreine sigbaar:

- Die koringoes se opbrengs was 39% minder;
- Die oppervlakte onder someroesaanplantings was 12% minder;
- Die stand van die belangrikste opgaardamme was 25% minder;
- ‘n Groot aantal plaasdamme en boorgate is opgedroog;
- Die beskikbare weiding is sowat 30% van normale kapasiteit.

Die fisiese impak van die huidige droogte is reeds van so ‘n aard dat dit landbouproduksie ernstig benadeel en boere begin die ekonomiese gevolge daarvan te voel.

## **Oppervlakte**


Die ekonomiese impak wat droogtes op akkerbougewasse het kan aan die hand van die mielie- en koringvertakkings gedemonstreer word. Grafiek 1 bevat gegewens oor die afgelope aantal jare se nasionale aanplantings en toon ook wanneer dit met langdurige droogtes in Suid-Afrika saamgeval het.



Gedurende die droogtes van 1966/68 en 1982/84 het die oppervlakte wat aangeplant is vir beide koring en mielies redelik konstant gebly. Tydens die droogtes van 1989/90 en 2003/04 het die aangeplante oppervlakte egter aansienlike verminder. Die beskikbaarheid van vog tydens planttyd speel waarskynlik die deurslaggewende rol in die oppervlakte onder aanplantings. Dit kan wees dat dit in 1966/68 en 1982/84 wel genoegsaam gereën het tydens planttyd en toe later droog geword het terwyl dit tydens die twee later droogtes net andersom was. Die oppervlakte vir koring en mielies volg tot 'n groot mate dieselfde tendens. Beide gewasse se aanplantings toon sedert die laat tagtigerjare 'n geleidelike afname, ongeag die invloed van enige droogtes.

### Oesgrootte


Grafiek 2 toon die oesgrootte van koring en mielies vir die afgelope veertig jaar aan.



Die oesgroottes toon skerp afnames tydens droogtes. Dit wil ook voorkom asof koring minder wisselvallig as mielies is want daar is selfs buite langdurige droogtes soms skerp dalings in die oessgrootte van mielies terwyl dit nie die geval met koring is nie. In die geval van mielies het die droogte van 1982/84 die grootste impak op oesgrootte gehad terwyl die koringoes in 2003/04 die meeste skade gelei het.

## Opbrengs

Die impak van 'n droogte reflekteer uiteindelik ook in oesopbrengs (ton/hektaar). Grafiek 3 bevat inligting oor die oesopbrengste van koring en mielies vir die afgelope veertig jaar.



Die opbrengs (ton/hektaar) van beide koring en mielies toon skerp afnames tydens droogtes. Die uitsondering was met mielies in 2003/04 toe laat reën in die herfs uiteindelik tot 'n rekordoes gelei het ten spyte van kleiner oppervlakte wat aangeplant was. Mielies toon weer eens ook in opbrengs groter wisselvalligheid, selfs buite langdurige droogtes, as koring. Koring is in 2003/04 dus in terme van oppervlakte aangeplant, oesgrootte en ook opbrengs uiters nadelig deur droogte getref. In die geval van mielies het die uitsonderlik hoë opbrengs uiteindelik vir die kleiner oppervlakte vergoed.

Dit dien ook genoem te word dat beide koring en mielies se opbrengs oor die afgelope veertig jaar geleidelik toeneem terwyl die aangeplante oppervlakte afneem. Dit is 'n indikasie dat tegnologie, in die vorm van kultivars en bewerkingspraktyke die boer in staat stel om droogtes beter te kan hanteer. Hoewel die tendens geleidelik opwaarts is, bly mielies se opbrengs baie wisselvallig. Die normaalweg konstante opbrengs van koring het ook 'n gevoelige knou gekry in 2003/04 toe nie oppervlakte, oesgrootte of opbrengs teen die droogte bestand was nie.

## Besteding

Die droogtes se ekonomiese impak stop ongelukkig nie net by die verlies aan inkomste wat die boer lei nie. Dit het uiteraard 'n enorme impak op die individuele boer se finansiële situasie en kring daar

vandaan af ook uit na sy onmiddellike omgewing. Die tabel bevat inligting oor die bestedingspatroon van boere met betrekking tot koring en mielies.

**TABEL: BESTEDING AAN UITGAWES VIR MIELIES EN KORING**

Hektare	MIELIES		KORING	
	1	230	1	430
Opbrengsmikpunt	3.5 t/ha	3.5 t/ha	2.5 t/ha	2.5 t/ha
Uitgawe	R/ha	R	R/ha	R
Saad	R 333	R 76,590	R 152	R 65,360
Kunsmis	R 610	R 140,300	R 492	R 211,560
Onkruidbeheer	R 178	R 40,940	R 56	R 24,080
Plaagbeheer	R 175	R 40,250	R 120	R 51,600
Spuitkoste	R -	R -	R 99	R 42,570
Stroopkoste	R 247	R 56,810	R 304	R 130,720
Oesversekering	R 120	R 27,600	R 592	R 254,560
Vervoerkoste	R 111	R 25,530	R 80	R 34,400
Brandstof	R 177	R 40,710	R 205	R 88,150
Onderhoud & herstelwerk	R 696	R 160,080	R 573	R 246,390
Arbeid	R 76	R 17,480	R 61	R 26,230
Rente	R 85	R 19,550	R 67	R 28,810
<b>TOTAAL</b>	<b>R 2,808</b>	<b>R 645,840</b>	<b>R 2,801</b>	<b>R 1,204,430</b>

Die tabel toon dat dit na raming R2,808 per hektaar kos om mielies en R2,801 per hektaar kos om koring te produseer. Volgens COMPUTUS se resultate van boere in die Oos-Vrystaat, plant boere gemiddeld 230 hektaar mielies en 430 hektaar koring in 'n jaar. Die gemiddelde Oos-Vrystaatse boer spandeer in gevolge hierdie tabel 'n totale bedrag van R645,840 vir mielies en R1,204.340 vir koring op verskeie maniere in sy plaaslike ekonomie. Die vermindering in aanplantings en die verlaging van oesopbrengste tydens droogtes lei daartoe dat die boer in die daaropvolgende jaar gewoonlik minder geld bestee en het 'n droogte dus 'n vermenigvuldigingseffek wat diep in die plaaslike dorp se ekonomie gevoel word. Op hierdie wyse het 'n droogte uiteindelik ook 'n impak op die land se totale ekonomie.

### Hantering van droogtes

Volgens statistieke beleef Suid-Afrika elke tien jaar 'n ernstige droogte. Daar is niks wat die boer kan doen om dit te keer nie. Dit is egter die manier waarop hy homself voorberei en hoe hy dit hanteer wat gaan maak of die boer 'n droogte finansiëel gaan oorleef.

Die ekonomiese impak van 'n droogte is reeds uitgespel. Die politieke realiteite in Suid-Afrika is ongelukkig so dat die boer nie regeringshulp vir droogtes kan verwag nie. Politici het eerstens nie werklik 'n begrip vir droogtes nie en tweedens sal die finansiële hulpbronne eerder aangewend word waar die stembriewe tel, naamlik by opkomende boere. Die kommersiële boer sal dus op eie stoom die droogtes moet hanteer.

Dit is baie belangrik om te alle tye vir 'n droogte voorbereid te wees. Finansiële voorbereiding is veral belangrik. Dit beteken dat die boer in goeie tye sy finansiële reserwes moet opbou en nie dan reeds al op die afgrond van sy kritiese skuldslas moet wandel nie. Daardie afgrond moet slegs as 'n laaste uitweg tydens 'n droogte betree word.

Selfs net 'n droë seisoen en nie noodwendig eers 'n uitgerekte droogte nie, plaas 'n boerdery onder finansiële druk. Wanneer die afgrond dan onvermydelik is, is goeie besluitneming deurslaggewend en moet die boer:

- Objektief en kalm bly;
- Alle moontlike bestuursinligting bymekaar maak;
- Take in prioriteitsvolgorde rangskik en die belangrike take van die tydmors-take onderskei;
- Aanpasbaar wees;
- Sy besluite wat hy neem uitvoer;
- Verantwoordelikheid vir sy besluite aanvaar.

Die boer kan nie die klimaat beheer nie maar hy kan die impak daarvan bestuur en behoorlik daarvoor beplan. Dit gaan ook nie help om die droogte vir al die probleme op die plaas te blameer nie. Die onus is op die boer om betyds voorsiening vir gereelde droogtes te maak want die hedendaagse Suid-Afrikaanse kommersiële boer staan ongelukkig op sy eie in tye van droogtes, hoe skrikwekkend dit ookal mag klink.

---

**BETHLEHEM**  
**25 SEPTEMBER 2004**